oNgcwele ukulikhuluma izwi eAsiya; sebefikile ngaseMisiya, balinga ukuya eBithiniya, kepha uMoya kaJesu akabavumelanga" (iZenzo 16.6, 7).

#### 6. Futhi bafundisa bethi:

“Ekuphendukeni kweqiniso komuntu, uNkulunkulu akakwazi ukuthulula entandweni yomuntu izimilo ezintsha, noma amandla noma iziphiwo. Ngakho ke ukukholwa esiqala ukuphenduka ngakho futhi esibizwa ngakho ukuthi sibe-ngamakholwa, akusona isimilo noma isiphiwo esithululwayo nguNkulunkulu, Kodwa kuyisenzo somuntu kuphela. Ukukholwa kuyisiphiwo kuphela ngangoba amandla okukuthabatha ayisiphiwo”.

Ngale micabango abantu baphikisana nomBhalo oNgcwele ofakazayo ukuthi uNkulunkulu athulule enhliziyweni yethu izimilo ezintsha zokukholwa, nezokulalela, nezokuzwa uthando lwakhe, ngokuthi: “ngiyakufaka umthetho wami ezibilinini zabo, ngiwulobe ezinhliziyweni zabo” (Jer. 31:33) Futhi ngokuthi: “ngiyakuthela amanzi phezu kokomileyo, nezikhukhula

grens by Misië kom, het hulle probeer om na Bithinië toe te gaan, maar die Gees van Jesus het hulle dit nie toegelaat nie<sup>3</sup>.

1. Psalm 147:19-20
2. Handeling 14:16
3. Handeling 16:6-7

#### Hoofstuk: 3 en 4VD Paragraaf: 6.

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Met die ware bekering van die mens word geen nuwe eienskappe, kragte of gawes in sy wil deur God gestort nie. Daarom is die geloof, waardeur ons die eerste keer bekeer word en gelowiges genoem word, nie 'n eienskap of 'n gawe wat deur God ingestort word nie, maar net 'n daad van die mens. Die geloof kan alleen 'n gawe genoem word vir sover as wat die mens deur sy eie vermoë daartoe kom.

Die Sinode leer: Daarmee weerspreek hulle die heilige Skrif, wat getuig dat God nuwe eienskappe van geloof, gehoorsaamheid en die besef van sy liefde in ons harte uitstort: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart, en<sup>1</sup>: Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou nageslag giet,

phezu kokushileyo, ngithulule uMoya wami phezu kwenzalo yakho” (UISaya 44:3). Futhi: “ngokuba uthando lukaNkulunkulu lutheliwe ezinhliziyweni zethu ngoMoya oNgcwele esimuphiweyo....” (Rom. 5:5). Le micabango iphambene nenkambo yesikhathi eside yesonto likaNkulunkulu elifundiswa ngumprofethi ukuthi lifanele ukukhuleka ngokuthi: “ngibuyise ukuba ngibuye” (Jer. 31:18).

7. Bafundisa bethi: "Umusa esiphendulwa kuNkulunkulu ngawo, ungukululeka okuthambileyo, noma (njengemicabango yabanye) uyindlela yobukhosi yokuphendula umuntu efanayo kakhulu nesimo somuntu esihloniphekayo (kusho uma ukuphenduka kwenzeka ngokululeka). Akunakushiwo ukuthi umusa lo ungabinamandla okwenza umuntu wemvelo ukuthi abe-ngumuntu wokomoya. Ngempela uNkulunkulu akadali ukuvuma kwentando ngendlela enye ngaphandle kweyokululeka okunjalo. Amandla okusebenza kukaNkulunkulu okudlula ngawo ukusebenza kukaSatane, kuya ngalokhu kokuthi: uNkulunkulu uyathembisa okunye okungunaphakade, kodwa uSathane uthembisa

en<sup>2</sup> Die liefde van God is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is<sup>3</sup>. Hulle is ook in stryd met die voortdurende gebruik van die kerk van God, wat in die woorde van die profeet so bid: Bekeer my, dan sal ek my bekeer<sup>4</sup>.

1. Jeremia 31:33
2. Jesaja 44:3
3. Romeine 5:5
4. Jeremia 31:18

Hoofstuk: 3 en 4VD Paragraaf: 7.

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die genade, waardeur ons tot God bekeer word, is niks anders as 'n ligte aansporing nie; of - soos ander dit verklaar - dít wat deur die aansporing plaasvind, is die mees gepaste manier om die mens tot bekering te bring, en pas die beste by die menslike natuur. Daar is geen rede waarom hierdie aansporende genade alleen nie genoeg sou wees om die natuurlike mens geestelik te maak nie. God bewerk die instemming van die wil inderdaad op geen ander manier as deur hierdie aansporing nie. Die krag van die Goddelike werking, waardeur die sataniese werking oortref word, bestaan hierin dat God ewig goeie

okwesikhashana." Lokhu kuyimfundiso ecwebile kaPelagius, ephambene nomBhalo wonke oNgcwele. UmBhalo uyakhuluma ngaphandle kwalokhu ngendlela enye enamandla amakhulu yokuphendula umuntu, yokuthi ukusebenza kobunkulunkulu kukaMoya oNgcwele, njengokuba wathi uHezekeli: ""Ngiyakuninika inhliziyo entsha, ngifake phakathi kwenu umoya omusha, ngikhiphe inhliziyo yetshe enyameni yenu, ngininike inhliziyo yenyama" (Hez. 36:26).

8. Bafundisa futhi bethi: "UNkulunkulu akasebenzisi ekuzalweni okusha komuntu amandla akhe angenakuvinjwa ngumuntu awaziyo ukugobisa ngawo ngokungahluleki inhliziyo yomuntu ukuze ikholwe iphenduke. Umuntu uyakwazi ukuvimbela ngokupheleleyo ukuzalwa ngokusha kwakhe, ngoba unamandla okumelana (njengokuba kwenzeka kaningi) noNkulunkulu noMoya oNgcwele laphe uNkulunkulu ethanda ukuba azalwe ngokusha- noma izinto zonke zomusa ziphelelisiwe zisetshenziswe ukuba umuntu aphendulwe. kusemandleni omuntu noma uzozalwa ngokusha yini".

dinge, maar die Satan slegs tydelike voordele belowe.

Die Sinode leer: Dit is suiwer Pelagiaans en in stryd met die hele heilige Skrif, wat, behalwe aansporing, nog 'n ander, baie kragtiger en Goddeliker werkwyse van die Heilige Gees by die bekering van die mens ken: Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee<sup>1</sup>.

1. Esegïel 36:26

Hoofstuk: 3 en 4VD Paragraaf: 8.

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God gebruik by die wedergeboorte van die mens nie daardie kragte van sy almag waardeur Hy die menslike wil kragtig en feilloos tot geloof en bekering ombuig nie. As al die genadewerkinge wat God gebruik om die mens te bekeer, voltooi is, kan die mens nogtans God en die Heilige Gees, wat sy wedergeboorte beoog en hom weergebore wil laat word, só weerstaan - en hy doen dit inderdaad ook dikwels - dat hy sy eie wedergeboorte geheel en al verhinder. Dit bly dus in sy eie mag om weergebore te word of nie.

nguNkulunkulu Kanjalo Ngalendlela  
kuyasuswa amandla onke omusa  
kaNkulunkulu ekuphendulweni kwethu,  
isenzo sakhe onguSomandla sibekwe  
phansi kwentando yomuntu. Lokhu  
Kuphambene nemfundiso yabaphostoli  
ngokuthi: "(siyakholwa) ngokusebenza  
kwamandla akhe amakhulu" (Ef. 1:19).  
Futhi ukuthi: "ukuze uNkulunkulu  
wethu anenze nibe-ngabafanele  
ukubizwa kwenu, agcwalise ngamandla  
konke okuhle enikuthandayo  
nomsebenzi wokukholwa" (II Thes.  
1:11). Futhi ukuthi: "amandla akhe  
obuNkulunkulu esinikile konke  
okuqondene nokuphila nokumesaba  
uNkulunkulu' (II Pet. 1:3).

9. Bafundisa futhi bethi: "Umusa  
nentando ekhululekileyo kokubili  
kuyasebenzelana, kuveze ukuqala  
kokuphenduka umusa uhamba  
ngaphambili intando ilandele emuva.  
Kusho lokhu ukuthi uNkulunkulu  
angenakusiza ngamandla intando  
yomuntu ekuphendukeni  
ingakazimiselanga ukuba iyophenduka".

Isono elidala lahlulela kamandulo  
lemfundiso kwabaPelagius ngenxa  
yamazwi omphostoli okuthi: "Ngakho-ke  
akuyi ngentando nangokuzikhathaza

Die Sinode leer: Dit beteken niks  
anders nie as dat al die krag van die  
genade van God in ons bekering  
weggeneem en die werking van die  
almagtige God aan die wil van die mens  
onderwerp word. Dit is in stryd met wat  
die apostels leer: Ons glo na die  
werking van die krag van sy sterkte,  
en<sup>1</sup>: dat God alle welgevallen aan wat  
goed is, en alle werk van die geloof in  
ons met krag volkome maak, en<sup>2</sup>: sy  
goddelike krag het ons alles geskenk  
wat tot die lewe en godsvrug dien<sup>3</sup>.

1. Efesiërs 1:19

2. 2 Tessalonisense 1:11

3. 2 Petrus 1:3

Hoofstuk: 3 en 4VD Paragraaf: 9.

Die Sinode verwerp die dwaling van  
hulle wat leer: Die genade en die vrye  
wil is gedeeltelike oorsake wat altwee  
saam die begin van die bekering  
bework. Die genade gaan in hierdie  
volgorde ook nie aan die werking van  
die wil vooraf nie. Dit wil sê: God help  
die menslike wil nie kragtig tot  
bekeringsvoordat die menslike wil nie  
self in beweging kom en daarop besluit  
nie.

komuntu, kodwa kuya ngokuhawukela kukaNkulunkulu” (Rom. 9:16). Kanjalo futhi ukuthi: “Ngokuba ngubani okhetha wena na? Unantoni ongayamukeliswanga na?” (1 Kor. 4:7). Futhi: "Ngokuba nguNkulunkulu osebenza kini nokuthanda nokwenza njengentando yakhe" (Fil. 2:13).

## **ISAHLUKO 5**

### **UKUKHUTHAZELA**

### **KWAMAKHOLWA.**

#### **A. Ukuchazwa kwemfundiso yeqiniso:**

1. UNkulunkulu uyabasindisa ekubuseni nasebugqileni bezono laba ababizwayo nguye ngokwecebo lakhe ekuhlanganyeleni neNdodana yakhe, iNkosi yethu, uJesu Krestu, abazelwe ngokusha nguMoya oNgcwele. Nokho uNkulunkulu akabakhululi ngokupheleleyo enyameni nasemzimbeni wezono empilweni le.

2. Kulokhu kuvela izono zobuthakathaka zemihla ngemihla ingapheleli nemisebenzi emihle kakhulu

Die Sinode leer: Die ou kerk het hierdie leer al lankal by die Pelagiane veroordeel kragtens die woorde van die apostel: So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartigheid is<sup>1</sup>, net so ook: Wie trek jou voor? En wat het jy wat jy nie ontvang het nie? en<sup>2</sup>: Dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae<sup>3</sup>.

1. Romeine 9:16

2. 1 Korintiërs 4:7

3. Filippense 2:13

Hoofstuk 5: Die volharding van die Heiliges

Hoofstuk: 5 Paragraaf: 1.

Hulle wat God na sy voorneme tot die gemeenskap van sy Seun, ons Here Jesus Christus, roep en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde. Tog verlos Hy hulle in hierdie lewe nie heeltemal van hulle sondige natuur en bestaan nie<sup>1</sup>.

1. Johannes 8:34; Romeine 6:17; Romeine 7:21-24

Hoofstuk: 5 Paragraaf: 2.

Hieruit ontstaan die daaglikse sondes van swakheid, en selfs die allerbeste werke van die heiliges is nog gebrekkig.

yabangcwele. Lokhu kwenza ukuba abakholwayo beqinizo bazithobise njalo-njalo ngaphambi kukaNkulunkulu, bephephela kuKrestu obethelweyo, baqhubekele ngaphambi baqhubekele phambili ngokubulala inyama kakhulu ngoMoya wokuthandaza nangokuzijwayeza ukumesaba uNkulunkulu befisa ukuba babe ngabapheleleyo, baze babuse ezulwini kanye neWundlu likaNkulunkulu, bekhululiwe kulomzimba wezono.

3. Abaphendukileyo abakwazi ukukhuthazela kumusa lo uma bengabe bashiywe ukuba bazibonele ngamandla abo. Kunjalo ngenxa yempanae yezono ehleziyo phakathi kwabo nangenxa yokulingwa yiz yizwe nanguSathane. Kodwa uthembekile loNkulunkulu obaqinisayo ngobubele kumusa lowo kuze kube-sekugcineni. owabapha kanye, ebalondoloza ngamanaa

Daarom moet hulle hulle voortdurend voor God verootmoedig, hulle toevlug tot die gekruisigde Christus neem, die sondige natuur hoe langer hoe meer doodmaak deur die Gees van die gebed en heilige geloofshandeling, en vurig na die bereiking van die volmaaktheid verlang. So moet hulle volhard totdat hulle, losgemaak van hierdie sterflike liggaam, met die Lam van God in die hemel regeer<sup>1</sup>.

1. Filippense 3:12-14; Kolossense 3:5; 1 Timoteus 4:7; 1 Johannes 1:8; Openbaring 5:6; Openbaring 5:10

Hoofstuk: 5 Paragraaf: 3.

Vanweë hierdie oorblyfsels van die inwonende sonde, en ook vanweë die aanvalle van die wêreld en die Satan, kan die bekeerdes nie in die genade volhard as hulle aan hulle eie kragte oorgelaat was nie. Maar God is getrou. Uit barmhartigheid bevestig Hy hulle in die genade wat eenmaal aan hulle gegee is, terwyl Hy hulle ook tot die einde toe kragtig bewaar<sup>1</sup>.

1. Matteus 26:41; Romeine 7:20; 1 Korintiërs 10:13; 1 Petrus 1:5

4. Amandla kaNkulunkulu ebalondoloza aqinisa ngawo amakholwa eqiniso emuse kuwo, angaka wona ukuthi nayo inyama ayikwazi ukuwanqoba. Nokho akabaholi abaphendukileyo njalo-njalo ngendic enjalo yokuthi bangakwazi ukuhlubuka ekuholeni komusa, bedukiswa yizinkanuko zenyama bazilandele. Ukuduka lokhu kwabo ezenzweni ezithile kungelabo icala. Ngakho-ke amakholwa afanele ukugaphela bathandaze ngezikhathi zonke ukuthi angangeniswa ekulingweni. Uma engenzi engenzi lokhu, kungenzeka ukuthi adukiswe yinyama nangezwe nanguSathane ekoneni okunzima okwesabekayo. Ngempela, ngezinye izikhathi bedukiswa kukho konke lokhu ngeqiniso ngokuvuma okulungileyo kukaNkulunkulu. Lokhu kuyabonakala kakhulu ngokuwa okukhalekayo kukaDavide, noPetru nabanye, okulandiswa ngakho emBhalweni oNgcwele. ngakho

#### Hoofstuk: 5 Paragraaf: 4.

Die mag van God, waardeur Hy die ware gelowiges in die genade bevestig en bewaar, is so groot dat hulle nie deur die sondige natuur oorwin kan word nie. Tog word die bekeerdes nie altyd so deur God gelei en beweeg dat hulle - deur hulle eie skuld - in sommige besondere gevalle nie van die leiding van die genade sou kon afwyk en deur die begeerlikhede van die sondige natuur verlei word en dit navolg nie<sup>1</sup>. Daarom moet hulle voortdurend waak en bid dat hulle nie in versoekings gelei word nie. As hulle dit nie doen nie, kan hulle deur hulle sondige natuur, die wêreld en Satan tot groot en gruwelike sondes verlei word. Soms word hulle ook inderdaad, onder die regverdige toelating van God, daartoe verlei<sup>2</sup>. Die droewige val van Dawid, Petrus en ander heiliges, wat vir ons in die heilige Skrif beskryf is, bewys dit<sup>3</sup>.

1. Efesiërs 1:19

2. Matteus 26:41; 1

Tessalonisense 5:6; 1

Tessalonisense 5:17

3. 2 Samuel 11; Matteus 26:69-75

5. Ngezono ezinzima ezingaka, amakholwa amnengisa kakhuluu uNkulunkulu, awela ecaleni lokufa, edabukisa uMoya oNgcwele. Ngesiminya imisebenzi yenkolo ikhubazelwa isikhathi esithize, elimaza kabi unembeza wawo alahlekelwa ngesikhathi esinye ukuthi abelwe umusa. Kodwa-ke uma ebuyela endleleni yeqiniso ngokudabuka kwenhliziyo, ubuso bukaBaba onguNkulunkulu, bubuye buwakhanyisela ngokusha.

6. Ngoba uNkulunkulu ogcwele isihawu akasusi ngokwempela kwabakhe uMoya noma bangaba badukile ngendlela edabukisayo. Kunjalo ngenxa yesinqumo esingaguqukiyo sokukhetha. UNkulunkulu akabavumeli ukuba baduke kangaka, ukuba balahlekelwe ngumusa wokwamukelwa noma isimo sabalungisiweyo. Futhi uNkulunkulu akavumi ukuthi benze isono kuze kube sekufeni noma sokuphambana noMoya oNgcwele, beziphonsa esijeziweni esiphakade, beshiywe nguNkulunkulu.

#### Hoofstuk: 5 Paragraaf: 5.

Met sulke growwe sondes vertoorn hulle God vreeslik, verdien hulle die dood en bedroef hulle die Heilige Gees, versteur hulle die oefening in die geloof, verwond hulle die gewete ernstig en verloor hulle soms 'n tyd lank die besef van die genade. Dit gebeur<sup>1</sup> totdat God, wanneer hulle deur 'n opregte berou op die regte pad terugkeer, weer die lig van sy Vaderlike aangesig oor hulle laat skyn<sup>2</sup>.

1. 2 Samuel 12; Psalm 32:3 - 5; Efesiërs 4:30
2. Numeri 6:25

#### Hoofstuk: 5 Paragraaf: 6.

God, wat oneindig barmhartig is, neem, weens die onveranderlike besluit van die uitverkiesing, sy Heilige Gees nie heeltemal van sy eiendom weg nie, selfs nie in hulle jammerlike sonde val nie. Hy laat hulle ook nie só diep val dat hulle uit die genade van die aanneming en uit die staat van die regverdiging uitval nie. Ook laat Hy nie toe dat hulle die sonde tot die dood of teen die Heilige Gees begaan en, heeltemal deur Hom verlaat, hulleself in die ewige verderf stort nie. <sup>1</sup>

7. Kunjalo, ngoba ngokokuqala, uNkulunkulu usalondoloza kubo ekuweni okunjalo imbewu engapheliyo abazelweyo kabusha ngayo, ukuba ingapheli ingalahlwa. Ngokwesibili, ubenza ngamandla nangeqiniso ukuthi babuye bavuselwe ngokusha ekuphendukeni ngeZwi nangoMoya wakhe. Ngale ndlela bangenwa ngukudabuka okuya ngokukaNkulunkulu ngenhliziyo yonke ngenxa yalezo zono abazenzileyo, bafise ngenkolo ukuthethelelwa egazini loMlamuli bekuthola ngempela ngenhliziyo ephukileyo. Manje babuye bezwe umusa kaNkulunkulu obuyisene nabo, bakhuleke kobubele nokwethembeka kwakhe, befeza emuva kwalokho ukusindiswa kwabo ngokwesaba nangokuthuthumela, ngokushiseka okukhulu.

8. Kuyabonakala ukuthi bakuthole lokhu hhayi ngamandla abo noma ngemfanelo

1. Ps 51:13; Matteus 12:31-32; Galasiërs 4:5; Efesiërs 1:11; Efesiërs 2:4; 1 Johannes 5:16 - 18

Hoofstuk: 5 Paragraaf: 7.

Wanneer hulle so in die sonde val, bewaar God eerstens in hulle sy onverganklike saad waaruit hulle weergebore is, sodat dit nie vergaan of vernietig word nie. Tweedens vernuwe Hy hulle deur sy Woord en Gees seker en kragtig tot bekering. Die gevolg is dat hulle oor die sondes wat hulle gedoen het van harte en volgens die wil van God berou het en deur die geloof, met 'n gebroke hart, vergifnis in die bloed van die Middelaar begeer en verkry. So besef hulle weer die genade van God wat nou met hulle versoen is, aanbid hulle sy ontferming en trou om daarna met groter ywer hulle eie heil met vrees en bewing uit te werk<sup>1</sup>.

1. Psalm 32:5; Psalm 51:19; 2 Korintiërs 7:10; Filippense 2:12; 1 Petrus 1:23; 1 Johannes 3:9

Hoofstuk: 5 Paragraaf: 8.

Dat hulle nie heeltemal uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde in die sonde bly of verlore gaan nie, verkry

yabo, kodwa ngobubele bomusa kaNkulunkulu obagcinayo ukuthi bangelahlekelwe ngokupheleleyo inkolo noma umusa, noma ukuthi basale ekuweni kuze kube-sekugcineni balahlwe. Lokhu kungabe- kwenzeka kalula (njengoba kwenzeka ngeqiniso) uma amakholwa efanele ukuzethemba uqobo lwawo. Kodwa ngokuba lokhu kume ngoNkulunkulu, kungeke kwenzeke, ngoba icebo lakhe aliguquki; isithembiso sakhe singenakuchithwa, ukubizwa ngesinqumo sakhe singakwazi ukwesulwa: inzuzo, nokulamula, nokulondoloza kukaKrestu kungenakwenziwa kube-yize, ukuqiniswa nguMoya oNgcwele kungazi ukwenziwa-yize nokuba kuchithwe.

9. Amakholwa afanele ukuba aqinisekile ngokulondolozwa ensindisweni kwabakhethiweyo nangokukhuthazela enkolweni kwamakholwa eqiniso. Ngempela, amakholwa ayaqiniswa ngalokhu ngesilinganiso senkolo akholwa ngaso ngeqiniso ukuthi angamalungu aphilayo ebandla likaKrestu nokuthi ayoqhubeka abe-yiwo

hulle nie deur hulle eie verdienste of inspanning nie, maar weens die genadige barmhartigheid van God. As dit van hulle afgehang het, kon dit nie alleen maklik gebeur het nie, maar sou dit ook ongetwyfeld gebeur het. Maar omdat dit van God afhang, kan dit glad nie gebeur nie. Immers, sy raad kan nie verander, sy belofte kan nie verbreek, die roeping na sy voorneme kan nie herroep, die verdienste, voorbidding en bewaring van Christus kan nie kragteloos gemaak word nie, net so min as wat die verseëling deur die Heilige Gees verydel of vernietig kan word<sup>1</sup>.

1. Psalm 33:11; Lukas 22:32; Romeine 8:30; Romeine 8:34; Romeine 9:11; Hebreërs 6:17

## **Hoofstuk: 5**

### **Paragraaf: 9.**

Die gelowiges kan sekerheid hê van hierdie bewaring van die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof. Hulle het hieroor sekerheid volgens die maat van die geloof waarmee hulle seker glo dat hulle ware en lewende lidmate van die kerk is en altyd sal bly

enokuthethelelwa kwezono,  
ahlanganyele nempilo ephakade.

10. Ngokunjalo ukuqiniseka lokhu  
akuveli esambulweni esithize  
esitholakalayo ngaphandle kweZwi,  
kodwa kuvela ekukholweni  
kwezithembiso zikaNkulunkulu  
ezambuliweyo ngokwaneleyo kithi  
nguNkulunkulu ukuba siduduzwe ngazo.  
Kuvela futhi ekufakazeni kukaMoya  
oNgwele ofakazayo kanye  
nomphefumulo wethu ukuthi  
singabantwana nezindlalifa  
zikaNkulunkulu. Futhi ngokokugcina,  
siyaqiniswa ngokulangazela  
okuqinisekileyo nokungcwele unembeza  
omuhle nemisebenzi emihle. Uma  
kungabe abakhethiweyo  
bakaNkulunkulu emhlabeni lo bengabi-  
nakududuzwa okuqinisekileyo lokhu  
kokuthi bazogcina ukunqoba lokhu  
nesibambiso esingenakuphosisa  
kwenkazimulo ephakade,  
bangabokukhalelwa kunabantu bonke  
abanye.

en dat hulle vergifnis van sondes en die  
ewige lewe het<sup>1</sup>.

1. Romeine 8:31-39 ; 2 Timoteus  
4:8; 2 Timoteus 4:18

Hoofstuk: 5 Paragraaf: 10.

Hierdie sekerheid spruit dus nie voort  
uit enige besondere openbaring wat  
sonder of buite die Woord plaasgevind  
het nie, maar uit die geloof aan die  
beloftes van God wat Hy in sy Woord  
baie oorvloedig tot ons troos  
geopenbaar het; uit die getuienis van  
die Heilige Gees: Hierdie Gees getuig  
saam met ons gees dat ons kinders van  
God is. En omdat ons kinders is, is ons  
ook erfgename. Ons is erfgename van  
God, mede-erfgename van Christus<sup>1</sup>,  
en, laastens, uit die ernstige en heilige  
strewe na 'n goeie gewete en goeie  
werke. As die uitverkorenes van God in  
hierdie wêreld nie hierdie vaste troos  
het dat hulle die oorwinning sal behou  
en hierdie onfeilbare pand van die  
ewige heerlijkheid sou besit nie, dan sou  
hulle die ellendigste van al die mense  
wees<sup>2</sup>.

1. Romeine 8:16-17
2. Handeling 24:16; Romeine  
8:37; 1 Korintiërs 15:19; 1  
Johannes 3:1-2

11. Njalo-ke, umBhalo uyafakaza ukuthi empilweni le amakholwa afanele ukumelana nokungabaza kobuthakathaka benyama. Ngakho-ke abanakuzwa ngezikhathi zonke ukwethemba okupheleleyo kusenkolo nokuqiniseka lokhu kokukhuthazela lapho bevelwa ngukulingwa okunzima kodwa uNkulunkulu, uYise wenduduzo yonke, akavumi ukuthi balingwe ngokungaphezu kwamandla abo, kodwa kanye nokududuza uzobenzela futhi indlela yokuphepha (I Kor. 10:13). NguMoya oNgcwele, uNkulunkulu uzophinda avuse ukuqiniseka kokukhuthazela.

12. Kodwa akunakwenzeka ukuthi ukuqiniseka lokhu kokukhuthazela kwenza abakholwayo ukuthi babe-nokuzidla noma babe-ngokwenyama noma babe-nokuyekelela. Eqinisweni lonke ukuqiniseka lokhu kuyimpande yesiminya yokuthobeka neyokwesaba okunjengokwengane, nayobumnene

## **Hoofstuk: 5**

### **Paragraaf: 11.**

Voorts getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen verskillende sondige vertwyfelings stry en, as hulle in ernstige versoekings kom, nie altyd hierdie volle geloofsvertroue en hierdie sekerheid van die volharding ondervind nie. Maar God, die Vader van alle vertroosting, laat nie toe dat hulle bo hulle kragte versoek word nie, maar gee saam met die versoeking ook die uitkoms<sup>1</sup>, en deur die Heilige Gees maak Hy steeds weer die sekerheid van die volharding in hulle wakker<sup>2</sup>.

1. 1 Korintiërs 10:13

2. 2 Korintiërs 1:3

## **Hoofstuk: 5**

### **Paragraaf: 12.**

Dit is egter totaal onmoontlik dat hierdie sekerheid van die volharding die ware gelowiges hoogmoedige en sorglose mense sou maak. Inteendeel, dit is 'n ware wortel waaruit die nederigheid, die kinderlike vrees, die ware vroomheid, die volharding in alle stryd, die vurige gebede, die

obuqinisileyo, nayokubekezela ekulweni konke, neyemithandazo evuthayo, neyokuphikelela ngokuthabatha isiphambano sokukholwa, bevuma iqiniso babenenjabulo kuNkulunkulu engapheliyo. Futhi ukukhumbula kwabo kwesibusiso lesi kuyimvuselelo kubo ukuthi benze ngeqiniso imisebenzi emihle yokubonga ngezikhathi zonke - njengoba kuyabonakala ebufakazini bomBhalo naseziboniselweni zabangcwele.

13. Lapho ukuqiniseka kokukhuthazela kuphinde kuvuselelwa kulaba ababuye bephakanyisiwe ekuweni, akuvezi kubo ukudlala okuyize noma ukudelela kokwesaba uNkulunkulu. Ngempela kuveza kubo ukunakekela okukhulu kunokuqala kokugcina ngokushiseka izindlela zikaNkulunkulu ezilingisiwe ngaphambili. Ngoba bazi ukuthi ngokuhamba kuzo lezizindlela ngokubekezela, bazohlala beqinisekile ngokukhuthazela kwabo, ubuso bokuthula bukaNkulunkulu uyise bungafulatheli kubo ngokungabekezeli

standvastigheid onder die kruis, die standvastigheid in die belydenis van die waarheid en die standvastigheid van 'n blywende vreugde in God spruit. Ook is die oordenking van hierdie weldaad vir hulle 'n aansporing tot ernstige en aanhoudende beoefening van dankbaarheid en goeie werke, soos uit die getuienisse van die Skrif en die voorbeelde van die heiliges blyk<sup>1</sup>.

1. Psalm 56:12-13; Psalm 116:12; Romeine 12:1; Titus 2:11 - 14; 1 Johannes 3:3

## **Hoofstuk: 5**

### **Paragraaf: 13.**

Wanneer die vertrouwe in die volharding weer lewendig word in hulle wat uit 'n val in sonde weer opgerig word, bring dit geen ligsinnigheid of verwaarlosing van die vroomheid nie, maar eerder 'n baie groter begeerte om nougeset in die paaie van die Here te wandel. Hierdie paaie is vantevore gemaak. Wanneer hulle daarop loop, behou hulle gevolglik die sekerheid van hulle volharding. 'n Verdere gevolg is dat die aangesig van die versoende God - waarvan die aanskouing vir die gelowiges soeter as die lewe en die

kwabo, bawele ezinhluphekweni  
ezinzima ezidlulayo ezokuqala,  
njengokuba ukubona ubuso  
bukaNkulunkulu kumtoto kunokuphila  
kwabakholwayo, ukufihlwa-ke kwabo  
kunobuhlungu kubo obukhulu  
kunobokufa.

14. Njengokuba uNkulunkulu wathanda  
ukuqala umsebenzi lo womusa  
wobunkulunkulu ngaphakathi kwethu  
ngokushunyayelwa kwevangeli, kanjalo  
futhi uyawulondoloza, ewandisa,  
awugwalise. UNkulunkulu uyakwenza  
lokhu ngokuzwiwa, nangokufundwa,  
nangokuzindlwa kwevangeli, kodwa  
futhi ngokukhuza, nangokuXwayisa,  
nangezithembiso nangokwamukelwa  
kwamasakramente angcwele.

15. Imfundiso le yokukhuthazela  
kwamakholwa aqinisileyo  
nakwabangcwele neyokuqiniseka

verberging bitterder as die dood is - nie  
weer weens hulle misbruik van sy  
Vaderlike goedheid van hulle afgewend  
word en hulle só in swaarder  
gemoedskwellings verval nie<sup>1</sup>.

1. Psalm 63:4; Jesaja 64:7;  
Jeremia 33:5; 2 Korintiërs  
7:10; Efesiërs 2:10

## **Hoofstuk: 5**

### **Paragraaf: 14.**

Dit het God behaag om hierdie  
Goddelike genadewerk deur middel  
van die verkondiging van die evangelie  
in ons te begin. So bewaar Hy dit, sit Hy  
dit voort en voleindig Hy dit deur die  
aanhoor, die lees en die oordenking van  
die evangelie, deur die aansporing,  
vermanings en beloftes daarin en ook  
deur die gebruik van die heilige  
sakramente<sup>1</sup>.

1. Deuteronomium 6:20 - 25;  
Handelinge 2:42; 2 Timoteus  
3:16-17

## **Hoofstuk: 5**

### **Paragraaf: 15.**

Hierdie leer van die volharding van die  
ware gelowiges, dit wil sê die heiliges,  
en van die sekerheid daaroor, het God

kokukhuthazela lokhu, isambuliwe kaningi nguNkulunkulu eZwini lakhe ukuba igama lakhe lidunyiswe, im iphefumulo eyesabayo uNkulunkulu iduduzwe, igxiliswa ezinhliziyweni zamakholwa. Nokho inyama ayiqondi lemfundiso, uSathane eyizonda, izwe liyihleka, lapho iziwula nabazenzisi bayisebenzisa ngokungendlela, abafundisi bamanga beyiphika nayo. Kodwa umLobokazi kaKrestu wayithanda kakhulu le mfundiso njalo-njalo njengengebo yenani elikhulu eyivikela ngokuqiniseka. UNkulunkulu uzomlondoloza lo mLobokazi ukuba azakwazi ukwenza lokhu futhi ezikhathini ezizayo, ngoba ngaphambi kukaNkulunkulu alikho icebo elinamandla noma amandla awaziyo ukwenza utho. KuNkulunkulu lo munye, onguYise, neNdodana, noMoya oNgcwele kuba-luduo nenkazimulo kuze kubephakade. Amen.

**B. Ukulahlwa kweziphosiso emfundisweni yokukhuthazela kwabangcwele.**

Manje imfundiso yeqiniso isichaziwe. Ngakho-ke iSinodi silahla iziphosiso zalababantu abafundisa kabi ngokuthi:

tot eer van sy Naam en tot troos van die gelowiges uitvoerig in sy Woord geopenbaar en in die harte van die gelowiges ingeprent. Die sondige natuur verstaan hierdie leer nie, die Satan haat dit, die wêreld bespot dit, onkundiges en huigelaars misbruik dit en dwaalgeeste bestry dit. Die Bruid van Christus het dit egter altyd as 'n skat van onberekenbare waarde innig liefgehad en dit volhardend verdedig. God sal sorg dat die kerk dit ook in die toekoms doen. Teen God kan geen beplanning stand hou nie, nog minder kan geweld iets teen Hom vermag. Aan hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlikheid tot in ewigheid. Amen<sup>1</sup>.

1. Psalm 33:10-11; Efesiërs 5:32; 1 Petrus 5:10-11; Openbaring 14:12

Verwerping van die dwalings oor die leer van die volharding van die heiliges  
Die regsinnige leer is nou uiteengesit.

**Hoofstuk: 5**

**VD Paragraaf: 1.**

Daarom verwerp die Sinode die dwaling van hulle wat leer: Die

1. Bafundisa bethi: “Ukukhuthazela kwamakholwa eqiniso, akuyisono isithelo sokukhetha noma isipho sikaNkulunkulu esizuziweyoo ngokufa kukaKrestu. Kodwa ukukhuthazela lokhu kungokudingekayo kulesisivumelwano esisha okufaneleyo ukuzuzwa ngumuntu ngentando yakhe ekhululekileyo engakakhethwa ngokwempela engakalungiswa futhi - njengokusho kwabo”.

Akunjalo, ngokuba umBhalo oNgcwele uyafakaza ngokuthi ukukhuthazela kulandele ukukhethwa. Kuyaphiwa ngamandla okufa, nokuvuka, nokuthandaza kukaKrestu.

Kuyabonakala lapho umBhalo uthi “abakhethiweyo bakufumana, abanye benziwa babe-lukhuni” (Rom. 11:7).

Uyafundisa futhi uthi: “Yena ongayigodlanga eyakhe iNdodana, kepha wayinikela ngenxa yethu sonke, kungaba kanjani ukuba angasiphi konke kanye nayo na? Ngubani ozakumangalela abakhethiweyo bakaNkulunkulu na? UNkulunkulu ungolungisayo, ngubani olahlayo na? UJesu Kristu owafayo, yebo ngempela, owavuswa kwabafuleyo ongakwesokunene sikaNkulunkulu, nguyena osinxuselayo. Ngubani ozakusahlukanisa nothando lukaKristu

volharding van die ware gelowiges is nie 'n vrug van die uitverkiesing of 'n gawe van God wat deur die dood van Christus verwerf is nie. Dit is 'n voorwaarde (soos hulle sê) van die nuwe verbond wat die mens, voor sy finale uitverkiesing en regverdiging, deur sy vrye wil moet volbring.

Die Sinode leer: Die heilige Skrif getuig immers dat die volharding die vrug is van die uitverkiesing en dat dit deur die krag van die dood, die opstanding en die voorbidding van Christus aan die uitverkorenes gegee word: Die uitverkorenes het dit verkry en die ander is verhard<sup>1</sup>, ook Romeine 8:32-35: Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree. Wie sal ons skei van die liefde van Christus?<sup>2</sup>

1. Romeine 11:7

2. Romeine 8:32-35

na? Noma ukuhlupheka, noma ukubandezeka, noma ukuzingelwa noma indlala, noma ukuhamba-ze, noma ingozi, noma inkemba, na?” (Rom. 8:32-35).

2. Bafundisa futhi bethi: “UNkulunkulu unikela ikholwa amandla ayaneleyo okuthi lazi ukukhuthazela, evuma ukuwalondoloza phakathi kwalo kuphela uma lifeza izimfanelo zalo. Kodwa noma zisetshenzisiwe zonke lezo ezaneleyo ukuba ikholwa likhuthazela enkolweni, ezimiselwe nguNkulunkulu ukulondoloza inkolo, nokho kuyahamba ngeqiniso ngokwentando yalo noma ikholwa lizokukhuthazela yini”.

Umcabango lo ungokaPelagius. Noma kuthiwe uyakhulula abantu, nokho uyabenza ukuthi babe-ngabebayo udumo lukaNkulunkulu. Futhi lo mcabango uphambene nemvumo yemfundiso yevangeli esusa kumuntu ukuzidumisa konke inikela umusa kaNkulunkulu wodwa udumo ngenxa yesenzo esihle lesi. Imfundiso le iphikasana nomphostoli oshoyo ethi: "(kunguNkulunkulu) oyakuqinisa nani kuze kube-sekupheleni, ningabinavalo

## Hoofstuk: 5

### VD Paragraaf: 2.

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God gee die gelowige wel genoeg krag om te volhard en is bereid om dit in hom te bewaar, mits die mens sy plig doen. Al is alles wat nodig is om in die geloof te volhard en wat God wil gebruik om die geloof te bewaar, ook in werking gestel, dan nog hang dit altyd van die oordeel van die wil af of die mens sal volhard of nie sal volhard nie. Die Sinode leer: Hierdie mening is duidelik 'n Pelagiaanse dwaling. Terwyl dit die mense vry wil maak, beroof hulle God van sy eer. Dit is ook in stryd met die deurlopende getuienis van die evangeliese leer wat die mens alle stof tot roem ontnem en die lof vir hierdie weldaad alleen aan die genade van God toeskryf. Dit is verder ook in stryd met die uitspraak van die apostel: Dit is God wat ons ook sal bevestig tot die einde toe, om in die dag dat onse Here Jesus Christus onberispelik te wees<sup>1</sup>.

1. 1 Korintiërs 1:8

ngosuku lweNkosi yethu uJesu Krestu"  
(I Kor. 1:8).

3. Bafundisa futhi bethi: "Kungenzeka ngempela ukuthi amakholwa eqiniso nabazelweyo ngokusha balahlekelwa noma nini ngokukholwa okulungisisayo, nomusa, nensindiso yonke. Ngempela, ayalahlekelwa kaningi kuze kube-phakade". Ukucabanga lokhu kwenza ukuthi kungabi-namandla umusa, nokulungisisa, nokuzalwa ngokusha, nokulondolozwa njalo-njalo nguKrestu. Kuphambene namazwi uNkulunkulu akhanyayo kaPawulu okuthi: "kepha uyabonakalisa ukusithanda kwakhe ngalokhu ukuthi siseyizoni, uKrestu wasifela. Ngakho kakhulu sesilungisisiwe ngegaz lakhe, siyakusindiswa ngaye olakeni" (Rom. 5:8,9). Futhi kuphikisana nomphostoli uJohane oshoyo ukuthi: "Lowo ozelwe nguNkulunkulu akenzi isono, ngokuba imbewu yakhe ihlala kuye; futhi akanakona, ngokuba uzelwe nguNkulunkulu" (I Joh. 3:9). Kuphambene namazwi kaJesu Krestu oshoyo ukuthi: "ngizinika (izimvu zami) ukuphila okuphakade, azisoze zabhubha naphakade; akakho ongazihlwitha esandleni sami" (Joh. 10:28, 29).

## **Hoofstuk: 5**

### **VD Paragraaf: 3.**

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die ware gelowiges en wedergeborenes kan nie alleen heeltemal en onherroeplik uit die regverdigende geloof, die genade en saligheid uitval nie, maar val inderdaad ook dikwels daar uit en gaan vir ewig verlore.

Die Sinode leer: Hierdie opvatting maak juis die genade van die regverdiging en die wedergeboorte en die voortdurende bewaring deur Christus kragteloos. Dit is ook in stryd met die nadruklike woorde van die apostel Paulus: As Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was, veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn<sup>1</sup>, en van die apostel Johannes: Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore<sup>2</sup>. Net so is dit in teëspraak met die woorde van Jesus Christus: Ek gee my skape die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand

4. Futhi bafundisa bethi: Abakholwayo beqiniso nabazelweyo ngokusha bayakwazi ukwenza isono kuze kube-sekufeni noma esimelene noMoya oNgcwele". Siyalahla le mfundiso, ngoba nguyu uJohane lowo owaqala efundisa (ku-I Joh. 5:16,17) ngalaba ababonileyo kuze kube-sekufeni ebangabela ukuthi bathandazelwa, obuya eqhubekela phambili evesini eli-18 ngokuthi: ""....siyazi ukuthi yilowo nalowo ozelwe nguNkulunkulu, akoni, ngokuba ozelwe nguNkulunkulu uyazigcina, nomubi akamthinti" (I Joh. 5:18). Bafundisa futhi bethi: "Empilweni le umuntu akazi ukuthola ukuqiniseka kokukhuthazela okuzayo, ngaphandle kokuthi esetholile isa mbulo esithize esingavamileyo".

sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal: en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie<sup>3</sup>.

1. Romeine 5:8-9
2. 1 Johannes 3:9
3. Johannes 10:28-29.

## **Hoofstuk: 5**

### **VD Paragraaf: 4.**

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die ware gelowiges en wedergeborenes kan die sonde tot die dood of dié teen die Heilige Gees begaan.

Die Sinode leer: Dieselfde apostel Johannes, nadat hy in 1 Johannes 5:16, 17<sup>1</sup> melding gemaak het van hulle wat tot die dood sondig, en dit verbied het om vir hulle te bid, voeg dadelik in v. 18 daarby: Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig (naamlik met so 'n sonde) nie, maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie<sup>2</sup>.

1. 1 Johannes 5:16-17
2. 1 Johannes 5:18.

## Hoofstuk: 5

### VD Paragraaf: 5.

5. Ngale mfundiso iyasuswa induduzo eqinisekileyo yamakholwa empilweni le, kubuye kungeniswe esontweni ukungabaza kwabantu bakaPhapha. Nokho umBhalo oNgcwele uyafumana ukuqiniseka lokhu kuzo izimilo ezithize zabantwana bakaNkulunkulu nasezithenjiseni zikaNkulunkulu ezingapheliyo, ungawufumani nakancane esambulweni esithize noma esimangalisayo. Futhi umphostoli uPawulu wafundisa kakhulu lokhu ngokuthi: "nanto enye edaliweyo akuyikuba namandla okusahlukanisa nothando lukaNkulunkulu olukuKristu Jesu, iNkosi yethu" (Rom. 8:39). Futhi uJohane wathi: "Ogcina imiyalo yakhe uhlala kuye, naye uqobo uhlala kuye, siyazi ngalokho ukuthi uhlala kithi ngaye uMoya asinike yena" (I Joh. 3:24). Bafundisa futhi bethi: ""Imfundiso yokuqiniseka kokukhuthazela nakokusindiswa, yinto yokuphumulisa inyama ngenxa yemvelo nomsuka wayo, ilimaza ukumesaba uNkulunkulu, nezimilo ezilungileyo, nemithandazo, nezenzo ezinye ezingcwele. Ngempela

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: 'n Mens kan in hierdie lewe geen sekerheid van die toekomstige volharding sonder 'n besondere openbaring besit nie.

Die Sinode leer: Deur hierdie leer word die vaste troos wat die ware gelowiges in hierdie lewe het, weggeneem en die twyfel van die pousgesindes weer in die kerk ingevoer. Die heilige Skrif lei egter hierdie sekerheid nie telkens uit 'n besondere en buitengewone openbaring af nie, maar uit die kenmerke wat aan die kinders van God eie is, en uit die standhoudende beloftes van God. Dit kom veral na vore by die apostel Paulus in Romeine 8:39<sup>1</sup>: Geen skepsel sal ons skei van die liefde van God wat daar in Christus onde Here is nie en by Johannes: Hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat hy ons gegee het<sup>2</sup>.

1. Romeine 8:39

2. 1 Johannes 3:24

yinto ebongekayo uma umuntu engabaza ngakuqiniseka kwensindiso yakhe".

6. Lababantu bayabonakala ukuthi abangawazi amandla omusa wobunkulunkulu noma kaMoya oNgcwele ohleziyo kumuntu. Futhi bayaphikisana nomphostoli uJohane ofundisayo okuphambeneyo nokwabo encwadini yokuqala yakhe ngalawa mazwi eqiniso okuthi: "Bathandekayo, manje singabantwana bakaNkulunkulu, kodwa akukabonakali esiyakuba-yikho. Siyazi ukuthi nxa ebonakaliswa, siyakuba-njengaye, ngokuba siyakumbona njengokuba enjalo. Bonke abanalo lelo themba kuye bayazihlambulula, njengokuba yena ehlambulukile" (I Joh. 3:2,3). Futhi bayaphikwa yizibonelo zabangcwele zeTestamente Elidala nElisha, ngoba bona babekezele emithandazweni nasemisebenzini eminye yokumesaba uNkulunkulu, noma babebaqinisekile ngokukhuthazela nangokusindiswa kwabo.

## **Hoofstuk: 5**

### **VD Paragraaf: 6.**

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die leer van die sekerheid van die volharding en van die saligheid is, kragtens sy eie aard en wese, 'n kussing vir die sondige natuur en skadelik vir die vroomheid, goeie sedes, gebede en ander heilige handeling. Daarteenoor is dit selfs lofwaardig om daaraan te twyfel.

Die Sinode leer: Daarmee wys hulle immers dat hulle die krag van die Goddelike genade en die werking van die Heilige Gees wat in ons woon nie ken nie. Ook weerspreek hulle die apostel Johannes wat met uitdruklike woorde die teendeel in sy, eerste brief leer: Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, wanneer Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is<sup>1</sup>. Buitendien word hulle weerlê deur die voorbeeld van die heiliges van die Ou en Nuwe Testament. Hoewel

7. Bafundisa futhi bethi “Inkolo yalababantu abakholwayo ngesikhathi esifushane-nje, ihlukene ngomkhathi kuphela nenkolo elungisisayo esindisayo, (ungabikho umahluko wemvelo kodwa)”. Kodwa uKrestu uqobo lwakhe wabonisa kuMathewu 13:20 nakuLuka 8:13 nasemavesini alandelayo ukuthi laba abakholwayo ngesikhathi esifushane nabakholwayo ngeqiniso, bahlukene futhi ngezindlela ezinye ezintathu. Bahlukene ngokuthi: abokuqala bayamukela imbewu edwaleni, kodwa abakholwayo ngeqiniso bayamukela emhlabathini ovundileyo noma ezinhliziyweni ezinhle; abokuqala abanayo impande, kodwa abakholwayo ngeqiniso banempande eqinisekileyo; abokuqala bengenazithelo, kodwa abakholwayo ngeqiniso baveza izithelo zabo ngezilinganiso ezehlukeneyo,

hulle van hulle volharding en saligheid seker was, het hulle nogtans in die gebede en ander geloofshandelinge volhard.

1. 1 Johannes 3:2-3.

## **Hoofstuk: 5**

### **VD Paragraaf: 7.**

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die geloof van hulle wat slegs 'n tyd lank glo, verskil net in tydsduur van die regverdigende en saligmakende geloof.

Die Sinode leer: Christus stel immers self duidelik in Matteus 13:20(-23) <sup>1</sup> en Lukas 8:13(-15) <sup>2</sup> en volgende verse nog 'n drieledige onderskeid vas tussen hulle wat net 'n tyd lank glo en die ware gelowiges. Hy sê: Eersgenoemdes ontvang die saad op rotsagtige grond, maar die gelowiges in goeie grond of in goeie harte; eersgenoemdes is sonder wortel, maar die gelowiges het 'n vaste wortel; eersgenoemdes dra nie vrug nie, maar die gelowiges dra met standvastigheid of volharding in verskillende mate hulle vrugte.

1. Matteus 13:20-23

2. Lukas 8:13-15

kodwa ngokuqiniseka nomna ngokukhuthazela.

8. Futhi bafundisa bethi: “Kwenzeka ngokuvamileyo ukuthi umuntu ubuye azalwe ngokusha uma elahlekelwe ngukuzalwa ngokusha kwakhe kokuqala, ngempela kungenzeka kaningi”.

Ngalemfundiso baphika ukungapheli kwembewu kaNkulunkulu yokusizala kabusha bephambene nobufakazi bamphostoli uPetru oshoyo ethi: “senizelwe kabusha kungengambewu ephelayo, kodwa ngengapheliyo, ngezwi eliphelileyo nelimiyo likaNkulunkulu” (1 Pet. 1:23).

9. Futhi bafundisa bethi: “Ayikho- indawo uKrestu owathandazela khona ukukhuthazela okungenakuhluleka kwamakholwa”. Lababantu baphambene noKrestu uqobo lwakhe owashoyo ethi: “Simoni, Simoni.....mina ngikunxusele ukuba ukukholwa kwakho kungapheli” (Luk. 22:32). Futhi uJohane uyafakazela uJesu owathandazela abaphostoli namakholwa onke wathi: “Baba

## **Hoofstuk: 5**

### **VD Paragraaf: 8.**

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit is nie ongerymd dat die mens sy eerste wedergeboorte verloor en daarna weer, selfs baie keer, weergebore word nie.

Die Sinode leer: Met hierdie leer ontken hulle die onverderflikheid van die saad van God waardeur ons weergebore word, en kom hulle in stryd met die getuienis van die apostel Petrus: Julle wat wedergebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike<sup>1</sup>.

1. 1 Petrus 1:23

## **Hoofstuk: 5**

### **VD Paragraaf: 9.**

Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Christus het nêrens gebid dat die gelowiges in die geloof onfeilbaar sou volhard nie.

Die Sinode leer: Hulle weerspreek Christus self, wat sê: Maar Ek het vir jou gebid, Petrus, dat jou geloof nie mag ophou nie<sup>1</sup>; en die evangelis Johannes, wat getuig dat Christus nie alleen vir die apostels gebid het nie,

oNgcwele, bagcine egameni lakho labo ongiphe bona. Angiceli ukuba ubasuse ezweni, kepha ngicela ukuba ubalonde kokubi ... Angiceleli laba bodwa, kepha nalabo abakholwa yimi ngezwi labo” (uJohane 17:11, 15, 20).

maar ook vir almal wat deur hulle woord sou glo: Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam en: Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar<sup>2</sup>.

1. Lukas 22:32
2. Johannes 17:11; Johannes 17:15; Johannes 17:20